

# Hoër Volksskool Graaff-Reinet - Afrikaans Huistaal Gr. 9 Bladsy 1 van 6

## Tuiswerk vir die week 22-26 Junie 2020

Hier is die antwoorde van die werk van 15 - 19 Junie. Merk asb joune.

### Memorandum: Maandag 22 Junie: Volksverhale - Knol. Vlieënd

Bl.77 nr. 1 Op sy oupa se plaas naby Loxton.

2. Hy het gesê dit was seker een van die ou perde wat daar in die veld wei.

3. Daar was 'n kisse vir oliekannetjies op die solder en daarop was die logo ('n rooi perd) en die handelsnaam van die oliemaatskappy.

4. Sy pa se een oom het ook daardie naam gehad en 'n Amerikaanse kennis van sy pa het ook die naam gehad.

5. Die logo met die vlieënde perd, wat later Mobil se logo sou word, is as handelsmerk ontwerp en geregistreer.



7. Moenie grootkop kry oor jou suksesse en jou dinge aanmatig nie - jy kan hard aarde toe gebring word.

CREATED BY VECTORPORTAL.COM

Bl 78 nr. 1 'n Knol is 'n ou perd. "Vlieënd" daarenteen dui op energie en spoed wat in teenstelling is met die beeld van 'n ou perd. (Die woord "Vlieënd" verwys na die skrywer se latere digbundel, wat op 'n manier te danke was aan die "Knol". )

2. Metafoor. Hy vergelyk sy nuttelose, tydverspillende gedagtes met 'n nuttelose ou perd.

3.1 Hy is 'n dromer met 'n sterk verbeelding en romantiese geaardheid. Hy skryf gedigte. Maar hy kan ook logies en wetenskaplik dink.

3.2 Ja - hy verdiep hom in die mitologie en word 'n kenner daarvan. In sy laaste paragraaf deel hy sy insigte waartoe hy oor jare gekom het.

4. Die plaas; veld; tuin; waenuis; solder; plaashuis; Dallas; Nederland; Olympus (die Griekse godewêreld).

5. 'n Minimum van agt jaar. Die storie begin toe hy in graad 9 was ("vier jaar het verbygegaan" tot hy in gr. 12 was) en daarna het hy sy nagraadse studies voltooi wat ten minste vier jaar sou neem.

6. Nee. Ons lees nêrens dat hy soos Bellerofon opgetree het, in konflik met sy pa was of gestraf is nie.

7. Sy styl is informeel, verhalend en objektief.

### Memorandum: Gedig - Wys my die plek

Hndbk. bl. 115 Verstaan die gedig vraag nr. 2. Strofe 2 - saam gekniel, strofe 3 saam geloop.

3. Die persoon wat onthou dra die meeste, m.a.w. die spreker.

Lettk. aspekte vraag nr. 1. rymskema strofe 1: ababccdd.

2. Verlee is nie 'n gewone woord nie - dit moes eintlik "verlede" wees.

3. Om met die woord "jou" in die volgende reël te rym, maar dit beklemtoon so die woord "blou".

Vrae op Notas: nr. (4)1 In die laaste strofe gebruik hy "my" en in die ander twee "ons". Sodoende beklemtoon hy die verandering wat ingetree het.

## Hoër Volksskool Graaff-Reinet - Afrikaans Huistaal Gr. 9 Bladsy 2 van 6

2. Die gedig handel oor liefde wat vergaan het en verandering.
3. Hy verkry 'n eenheid tussen die verskillende strofes en lig uit hoe sommige goed dieselfde gebly het, terwyl die liefde verander het.
4. B

### Memorandum: Prosa - Suurlemoen Hfst 30 en 31

#### Hoofstuk 30

1. Bongi sê sy het die ritme op een plek opgemors. Sy is dus nie tevrede met die opname nie.
2. Liezl sê Bongi was goed, maar dat sy haar woorde in die tweede koorgedeelte ingesluk het. Sy is dus ook nie tevrede nie.
3. Zane klink opgewonde en dink dit het goed geklink, maar wou nog 'n keer daarna luister.
4. Sy het met die dramaklubvoorsitter gepraat wat vir haar gesê het daar kom nie baie skoolkinders na hulle vertonings nie. Meestal is dit net ouers en 'n paar koshuiskinders wat studietyd wil mis.
5. Hy stel voor dat hulle aan die einde van die liedjie iets meer opwindends met die kitare moet doen.

#### Hoofstuk 31

1. Die leerders stem vir die liedjies.
2. Eminem gebruik baie vloekwoorde in sy lirieke en die temas van sy liedjies kan maklik aanstoot gee.
3. Hulle het die kasset waarop Suurlemoen! hulleself opgeneem het, in die hande gekry en gaan dit oor die radio uitsaai.
4. Tiaan verdink vir Frik van Tonder.
5. Zane het nie die oefenkamer gesluit na hy sy kitaar gaan bêre het nie. Frik kon toe maklik ingaan en die kasset kry.

### Dinsdag 23 Junie: Visuele begrip

Kyk na die strokiesprent in jou Platinum handboek, bl. 47. Kyk na die prentjies en lees die teks. Doen dan die vrae a. 1 - 4 en b. 2 - 10 op bl. 48.

### Woensdag 24 Junie en Donderdag 25 Junie: Stelwerk - Bedanking

Jy gaan in jou lewe mense moet bedank vir iets wat hulle gedoen het. Dit is bloot deel van goeie maniere.

1. Jy kan dit mondelings doen of skriftelik.
2. Dit kan persoonlik wees, byvoorbeeld jy wil vir iemand dankie sê wat vir jou 'n mooi geskenk gestuur het, of jy mag gevra word om 'n wildvreemde persoon vir iets te bedank.
3. Vir iemand na aan jou, sal dit informeel wees en sal jy dalk 'n mooi kaartjie of briefie stuur of in moderne idioom sommer 'n whatsapp. Dit kan ook meer formeel wees, byvoorbeeld, iemand het by die skool 'n voordrag kom lewer.
4. Jy kan vooraf gewaarsku wees om 'n bedanking te doen, of op kort kennisgewing sommer so uit die vuis uit dit moet doen!



## HOËR VOLKSKOOL GRAAFF-REINET: AFRIKAANS HUISTAAL Graad 8 bladsy 3 van 6

5. Bedankings kan ook kort en kragtig wees, maar in die geval van 'n formele bedanking, behoort dit bietjie meer om die lyf te hê.

6. Die geleentheid sal die wyse, lengte en aanslag bepaal.

Hier volg 'n voorbeeld van die bedanking van 'n gasspreker by 'n skool se prestasieaand. **Let op dat:**

- die bedanker nie die spreker ken nie;
- die aard is formeel, maar tog ook gemaklik (gebruik van voornaam en "jy" en "jou");
- dit word mondelings gelewer, maar is vooraf skriftelik beplan en uit die vuis aangepas (na aanleiding van wat sy gesê het). Die geleentheid het alles bepaal;
- die lengte pas by die geleentheid en bevat kort verwysings na wat sy gesê het;
- Die skool sou waarskynlik ook agterna vir haar 'n skriftelike bedanking gestuur het.



### Voorbeeld van die bedanking van 'n spreker

Natalie, ek dink nie ek sal ooit die aanhaling uit Benjamin Mays se gedig, wat jou tot ongekende hoogtes geïnspireer het, vergeet nie. "The tragedy of life does not lie in not reaching your goals; the tragedy of life lies in not having goals to reach for."

Dankie dat jy 'n stukkie van jou lewe met ons kom deel het, dat jy ons van jou drome vertel het en vir ons kom wys het dat die onmoontlike tóg moontlik is.

Leerders, ek dink julle sal saamstem dat om 'n doelwit te hê juis dít is wat gemaak het dat julle vanaand hier sit en dat ons as skool die voorreg het om julle prestasies vanaand te eer. Onthou die aanhaling; onthou dat 'n mens móét droom.

Dankie, Natalie, dat jy kom wys het wat harde werk, baie sweet en ja – ook baie swemkepe kan bereik, dat deursettingsvermoë 'n keuse is en dat as jy regtig wil, jy regtig kan! Maar jy het ook vir ons kom wys dat sukses 'n spanpoging is; dat wanneer ons as ouers, ons as skoolgemeenskap en ons as atlete saamstaan, ons beslis bo kan uitkom.

Namens Hoërskool Kroonwater sê ek vir jou dankie dat jy so 'n fantastiese rolmodel vir ons kinders is en bereid is om die ekstra myl te loop. Dankie dat jy in ons kinders glo en bereid is om terug te ploeg aan 'n generasie wat glo hulle kán.

Ons wens jou alle sukses en voorspoed met jou loopbaan toe.

(Bron: <https://klaskameraad.co.za/afrikaans-plus-bekendstelling-en-bedanking-van-sprekers-introducing-and-thanking-of-speakers/>)

### OPDRAG:

Jou ouma (of iemand in die familie) het vir jou R500 as 'n verjaarsdaggeskenk gestuur. Maak vir haar 'n mooi kaartjie waarin jy haar bedank. Jou bedanking moet ongeveer 150 woorde lank wees. Vertel vir haar hoe bly jy was, hoe jy dit waardeer en wat jy daarmee gaan maak. Jy mag dit met die hand skryf en maak, of op die rekenaar. Plak jou resultaat in jou stelwerk- of taalboek in.

**ONTHOU:** Beplan eers en doen hom eers rofweg voordat jy die finale produk maak!

# Hoër Volksskool Graaff-Reinet - Afrikaans Huistaal Gr. 9 Bladsy 4 van 6

**Vrydag 26 Junie:** Woordsoorte - Lees die notas wat volg en doen die vrae wat daarop verskyn.

## WOORDSOORTE:

1. Woorde word aan die hand van sekere **gemeenskaplike eienskappe** verdeel of saam gegroepeer in wat as woordsoorte bekend staan.
2. Een woord **kan** egter tot verskillende woordsoorte behoort – dit hang af van sy **funksie** in die sin. In 'n woordeboek sal daar dan gespesifiseer word wat die betekenis of vertaling van die woord is, afhangend van die woordsoort waartoe hy behoort.
3. Die **konteks** van die woord, met ander woorde sy verhouding tot die ander woorde in die sin, sal bepaal tot watter woordsoort hy behoort.
4. Moet dus nooit bloot omdat jou eerste instink as jy 'n woord sien vir jou sê dit is byvoorbeeld 'n byvoeglike naamwoord, besluit dat dit 'n byvoeglike naamwoord is nie, want in die spesifieke sin wat vir jou gegee is, kan dit dalk 'n ander woordsoort wees.

## KONTEKS

*In die sin; "Jy moet helder wit gebruik om die wit muur weer te wit,"* verskyn die woord wit drie maal en elke keer is hy 'n ander woordsoort!

5. 'n Snw. hoef nie net uit 'n stam te bestaan nie, maar kan 'n stam met morfeme wees (bv. verhouding), of twee of meer stamme, met of sonder morfeme (bv. seunskool, verbindingsklank).

**HERSIENING:** Ons het reeds in termyn 1 na 'n paar woordsoorte in jou Platinum handboek gekyk:

1. Selfstandige naamwoorde (bls. 7, 21);
2. Voonaamwoorde (bls. 7, 63)
3. Werkwoorde (bl. 49)

## DIE SELFSTANDIGE NAAMWOORD (s.nw.)

1. Toe jy leer praat het, was die eerste woorde wat jy geleer het die name van goed om jou: pappa, mamma, baba, hond, kat. En dit is wat selfstandige naamwoorde is - die name van goed in die wêreld. Hulle kan tasbaar en sigbaar wees - soos tafel, stoel, bord, koppie, of ontasbaar en onsigbaar wees - soos liefde, haat, woede, jaloesie.
2. Hulle kan meestal met die woordjies "die" en "'n" (= lidwoorde) vooraan gebruik word, bv. Die oom, 'n plan
3. Baie het meervoude, bv. eiers, tande, leeus, seuns, takke.
4. Baie kan as verkleinwoorde (= eindig op -tjie, -djie, -ie ens.) gebruik word, bv. stoeltjie, hondjie, messie, armpie.

### SELFSTANDIGE NAAMWOORDE:

1. Name van goed
2. Die of 'n (Lidwoorde) vooraan
3. Meervoude
4. Verkleining
5. Tasbaar of ontasbaar



# Hoër Volksskool Graaff-Reinet - Afrikaans Huistaal Gr. 9 Bladsy 5 van 6

Doen nou die volgende oefening in jou taalskryfboek:

## OEFENING 1

Onderstreep al die selfstandige naamwoorde in die volgende sinne:

- 1.1. Die honger leeu kruip op sy maag deur die gras met die bedoeling om die bokkie te vang.
- 1.2. Magriet het vir haar ma gevra of sy die naweek 'n partytjie by hulle huis in die garage mag hou.

## Soorte selfstandige naamwoorde:

Selfstandige naamwoorde word weer in verskillende groepe onderverdeel.

1. Eiename
2. Soortname
3. Stofname (of massaname)
4. Maatname
5. Versamelname
6. Abstrakte selfstandige naamwoorde

1. **Eiename** - dit is die noemnaam wat aan 'n persoon of saak gegee word. Hulle word altyd met hoofletters geskryf, bv. **Marie, Sanet, Ford, Oos-Kaap, Karoo, Cradock, Spar**;

2. **Soortname** - dit is name van voorwerpe wat almal tot dieselfde soort behoort, bv. **tafel, mansmens, kamer**;

3. **Stofname (massaname)** - dit is die name van stowwe soos metale, minerale en materiale - goed wat nie getel kan word nie (m.a.w. wat as 'n massa voorkom), bv. **goud, meel, linne, rys, suiker**;

4. **Maatname** - dui hoeveelheid aan saam met 'n massanaamwoord, bv. 'n **emmer** sand, 'n **koppie** suiker;

5. **Versamelname** - dit is 'n gesamentlike naam vir 'n klomp goed of groep, bv. 'n **skool** visse, 'n **trop** beeste. LET WEL: Hulle kan saam met 'n soortnaamwoord, bv. 'n bende rowers, of alleen optree bv. bagasie, gemeente, huisraad.

6. **Abstrakte snwe.** - dit is die name vir goed wat ontasbaar en onsigbaar is soos gevoelens, bv. **liefde, haat, woede**


*Weereens is die konteks belangrik. In die sin: Ek het 'n nuwe emmer gekoop, is emmer 'n soortnaamwoord, maar in die sin: Ek benodig een emmer sand, is emmer 'n maatnaamwoord, want dit sê HOEVEEL sand (= massanaamwoord).*

# Hoër Volksskool Graaff-Reinet - Afrikaans Huistaal Gr. 9 Bladsy 6 van 6

## OEFENING 2

Kyk mooi na die genommerde woorde in die onderstaande sinne. Skryf die nommers in jou taalskryfboek neer en dan watter soort selfstandige naamwoord die woord in daardie sin is.

1. *Noah's compass* is 'n nostalgiese verhaal (1.2.1) oor die 61-jarige Liam (1.2.2) wie se kompas (1.2.3) gaan staan het. Hy het sonder rigting en sonder plan (1.2.4) rondgedobber. Dit het hom onwillekeurig gedwing om sy lewe (1.2.5) in oënskou te neem. In sy lewe het hy geleer om verantwoordelikheid (1.2.6) te ontduik, maar ook om avontuur (1.2.7) te omseil. Hy het sy afdanking gedwee aanvaar en besluit om Europa (1.2.8) plat te stap en sy bakermat in die Weste (1.2.9) te gaan verken. Hy het sy tassie (1.2.10) gepak en 'n vliegkaartjie (1.2.11) gekoop.



2. Wat is 'n kompas?

3. Wat bedoel die skrywer as hy sê Liam se kompas het gaan staan?

4. Is die woord *plat* in die sin "*Hy het besluit om Europa plat te stap*", 'n s.nw.?

5. Is die woord *plat* in die sin "*Hy het die plat van die swaard aan die gras afgegee*", 'n s.nw.?

6. Onderstreep die woord **klei** waar hy as s.nw. optree in die volgende sinne:

Keramiekpotte word van klei gemaak. Maar mens kan nogal kleitrap as jy nie geoefen is nie, amper soos 'n os by 'n watergat wat deur die modder klei vir 'n slukkie water.

7. Gebruik die woord **vuur** in sinne, eers as 'n s.nw. en dan as 'n ander woordsoort. (Kyk in jou woordeboek!)



## OEFENING 3

1. Onderstreep die maatnaamwoorde en omkring die massanaamwoorde in die volgende sinne:

1.1. Gebruik 'n koppie meel, 'n teelepelsout en 'n kwart emmer water.

1.2. Koop asb. vir my een sak meel, een pak rys en 'n bottel asyn.



2. Onderstreep die versamelname in die volgende sinne:

2.1 Die troppe beeste en kuddes skape het die hele vlakte vol gewei en 'n swerm bosluisvoëls het omtrent fees gevier.

2.2 'n Skool dolfyne het soos 'n bende rampokkers te kere gegaan terwyl 'n onheilspellende bank wolke stadig oor die see inbeweeg.

